Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette **No. 9599** *Regulasiekoerant*

Vol. 556 **Pretoria, 3 October / Oktober 2011** **No. 34657**

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	GOVERNMENT NOTICE		
Transport, Department of			
Government Notice			
R. 825	National Land Transport Act (5/2009): Regulations relating to Minimum Requirements for the Preparation of Provincial Land Transport Frameworks, 2011	3	34657

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Koerant No.*
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Vervoer, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 825	National Land Transport Act (5/2009): Regulasies betreffende Minimum Vereistes vir die Opstel van Provinsiale Raamwerke vir Vervoer oor Land, 2011	19	34657

GOVERNMENT NOTICE
GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF TRANSPORT
DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 825 **3 October 2011**

NATIONAL LAND TRANSPORT ACT, 2009 (Act No. 5 of 2009) REGULATIONS, 2011

REGULATIONS RELATING TO MINIMUM REQUIREMENTS FOR THE PREPARATION OF PROVINCIAL LAND TRANSPORT FRAMEWORKS, 2011

In terms of section 8(1)(a), read with section 35(1), of the National Land Transport Act, 2009 (Act No. 5 of 2009), I, S`busiso Joel Ndebele, Minister of Transport, in consultation with all MEC`s have made the regulations in the Schedule.

S.J. Ndebele

23/09/11

Minister of Transport

SCHEDULE

REGULATIONS RELATING TO MINIMUM REQUIREMENTS FOR THE PREPARATION OF PROVINCIAL LAND TRANSPORT FRAMEWORKS, 2011

Arrangement of regulations

1. Definitions
2. Purpose of regulations
3. Principles for preparing provincial land transport frameworks
4. Process for completion and approval by MEC
5. Minimum contents of provincial land transport frameworks
6. Repeal of regulations

7. Short title and commencement

Definitions

1. In these Regulations, unless the context indicates otherwise, a word or expression that is defined in the Act bears the same meaning as in the Act, and—

"non-motorised transport" means all forms of transport that do not rely on an engine or a motor for mobility;

"the Act" means the National Land Transport Act, 2009 (Act No. 5 of 2009).

Purpose of regulations

2. (1) The purpose of these regulations is to provide for a process for the preparation of Provincial Land Transport Frameworks and their minimum contents.

(2) All Provincial Land Transport Frameworks prepared by the MECs in compliance with section 35 of the Act must comply with the requirements set out in these regulations.

(3) The purpose of a Provincial Land Transport Framework is–

(a) to give broad strategic direction to the development of transport in the province;

(b) to give an overview of the *status quo* of transport in the province from a provincial perspective;

(c) to indicate land use development trends and the desirable spatial development of the province, and what transport measures and actions should be put in place to support the intended spatial development;

(d) to give an overview of development initiatives of provincial significance in the province, including budgets and implementation programmes;

(e) to report on the monitoring of transport in the province and identified trends;

(f) to indicate and summarise actions taken in the province to coordinate and integrate transport planning and management initiatives by municipalities and other organs of state in the province responsible for transport matters; and

(g) to indicate how the MEC has implemented the functions and responsibilities assigned to the province by the Act.

Principles for preparing Provincial Land Transport Frameworks

3. (1) In preparing the Provincial Land Transport Frameworks, the MECs must have due regard to and apply any principles for transport planning promulgated under section 8(1)*(q)* of the Act.

(2) In addition to those principles, the following must be applied:

(a) In preparing the Provincial Land Transport Framework, the MEC must be guided by the National Land Transport Strategic Framework;

(b) plans must pay due attention to the development of rural areas;

(c) non-motorised forms of transport must be taken into account;

(d) transport for special categories of passengers must receive special attention;

(e) the integrated transport planning process must be continuous, i.e. plans must be updated continuously;

(f) the Provincial Land Transport Framework must be synchronised with other planning initiatives and its integration into the provincial transport and land use planning processes must be indicated;

(g) in compliance with paragraph (f), specific reference must be made to the integrated development planning and land development objective processes insofar as they affect transport, the municipal budgeting process and the spatial planning processes;

(h) in the case of any of the 12 cities identified in the *Public Transport Strategy and Action Plan, 2007*, specific reference must be made to their Integrated Rapid Public Transport Networks and Bus Rapid Transit systems, if any; and

(i) specific reference must be made to the Integrated Public Transport Network that has been developed for rural areas if any.

Process for completion and approval by MEC

4. (1) The Provincial Land Transport Framework must be prepared for a five-year period as required by section 35(1) of the Act.

(2) The Provincial Land Transport Framework must also be updated every two years in compliance with section 35(9) of the Act.

(3) In developing the Provincial Land Transport Framework, the MEC must consult with planning authorities in the province, the rail, bus, taxi and other industries providing public transport in the province, the Provincial Regulatory Entity, and other stakeholders.

(4) The head of the provincial department must liaise with the Department to ensure that the Provincial Land Transport Framework is prepared, approved by the MEC and submitted to the Minister by the date fixed by the Minister in terms of section 35(4) of the Act.

(5) The Provincial Land Transport Framework when submitted to the Minister must be accompanied by copies of any agreements regarding interprovincial transport concluded between the province and other provinces.

(6) As contemplated in section 35(11) of the Act, if the Minister is of the opinion that–

(a) the Provincial Land Transport Framework is in conflict with the National Land Transport Strategic Framework, national policy regarding interprovincial transport and cross-border transport or applicable legislation;

(b) the Provincial Land Transport Framework is in conflict with procedures and financial issues that affect the national government;

(c) the MEC did not follow the correct procedures or comply with the prescribed requirements; or

(d) the Provincial Land Transport Framework will adversely affect modes of transport under the control of the national government or national public entities,

the Minister may request the MEC to amend or supplement the plan, as the case may be, and the MEC must comply with such request within the time stipulated by the Minister in that request.

Minimum contents of Provincial Land Transport Frameworks

5. (1) Although the format may be different, the Provincial Land Transport Framework must at least contain the minimum information set out below:

Executive summary

(2) The Provincial Land Transport Framework must contain a concise executive summary that includes at least the following:

(a) A brief background to and purpose of the Provincial Land Transport Framework;

(b) the primary goals and objectives of the province on transport development and how they relate to other planning and policy initiatives in the province, as well as national requirements;

(c) a brief summary of the *status quo* of transport in the province;

(d) spatial and transport trends and problems in the province;

(e) proposed interventions and projects, with implementation programmes and budget implications, indicating key focus or priority areas for interventions or application of funds; and

(f) an indication of how transport is monitored in the province.

Chapter 1: Process and consultation

(a) This chapter must outline the process followed in preparing the Provincial Land Transport Framework, including the consultation process, with reference to public meetings held, and documents and drafts published for comment.

(b) It must also indicate the status of the document, i.e. the dates on which it was approved by the MEC and Minister, or, as the case may be, when it will be submitted for such approval.

Chapter 2: Transport vision, policy and objectives

(a) This chapter must start with an interpretation of the National Land Transport Strategic Framework as it relates to the province, with reference to specific needs and challenges.

(b) It must deal with provincial land transport policy published in terms of section 9(1) of the Act and attach that policy as an annexure or provide details of where it may be obtained. If such policy has been published, for example in the form of a white paper or green paper, such policy must be attached or details be provided of where it can be obtained.

(c) Where there is no published policy, white paper or green paper, this chapter must provide policy guidance for at least the promotion, management, regulation and control of public transport in the province.

(d) It must highlight current or potential areas of conflict between the national and provincial land transport policy.

(e) It must formulate specific objectives relating to the overall vision and key priorities of the province, which must be acceptable, measurable, understandable and achievable.

Chapter 3: *Status quo* of transport in the province

This chapter must contain at least the following:

(a) Tables and maps showing–

(i) demographic features of industry and economic sectors, with demographic statistics per metropolitan and district municipality;

(ii) national and provincial road networks showing the category and state of such networks;

(iii) strategic public transport networks, including rail networks;

(iv) transport nodes of provincial significance;

(v) freight transport routes, including the routes for the transporting of dangerous goods contemplated in section 35(5) of the Act; and

(vi) spatial development, economic development and housing development in the province, including development initiatives, master plans and development programmes;

(b) a description of public transport operations in the province, including minibus taxi, metered taxi, bus and rail transport operations;

(c) a description of intraprovincial and interprovincial long-distance services and interprovincial commuting services - a description of charter and staff services may be included;

(d) the status of integrated rapid public transport networks and bus rapid transit systems, if any, and of the integrated public transport networks required by the Act, in the province;

(e) a list of perceived problems and issues relevant to land transport in the province; and

(f) a description of the information systems being kept by the province as required by section 6 of the Act, how this information was used to compile the Provincial Land Transport Framework and the data collection processes being followed.

Chapter 4: Integrated transport plans

This chapter must contain at least the following:

(a) A list of planning authorities in the province, with their classification and the types of plans to be prepared by them;

(b) a programme for the preparation of the integrated transport plans and their coordination with the Provincial Land Transport Framework;

(c) a reference to the summary of all available integrated transport plans in the province required by section 35(7) of the Act, which must be contained in an annexure. The summary should be brief and focus on aspects and projects of regional or provincial significance.

Chapter 5: Integrated development framework

This chapter must include at least the following, unless already provided under Chapter 3:

(a) The approved spatial development strategy or plan for the province including-

(i) an integrated map illustrating the frameworks for future development, with a short description of–

(aa) spatial development;

(bb) economic development;

(cc) housing development; and

(dd) other development initiatives;

(ii) the map referred to in (i) also indicating where the growth areas of the province are and where specific development initiatives are taking place that require improved transportation;

(iii) information on each spatial development initiative in the province, with its status and urban renewal and rural development nodes, where applicable; and

(iv) a full description of relevant social, demographic and environmental issues that affect transport;

(b) a statement of how the transport strategy will facilitate the achievement of the approved spatial development plan and economic development in the

province, the integration of social, economic and human settlement development strategies as well as other relevant development initiatives or strategies;

(c) an indication of the strategic transport network of roads and railways and provincial public transport networks in relation to land use development and the built environment; and

(d) a summary of strategies promoting land use and transport integration, in keeping with national policies.

Chapter 6: Public transport strategy

This chapter must include at least the following:

(a) An identification of deficiencies in the public transport system and proposed or current provincial measures to address them;

(b) a description of strategic and high priority focus areas for public transport of provincial significance;

(c) a summary of initiatives planned or taken by the province to promote public transport over private transport;

(d) a list of planned initiatives or initiatives undertaken by the province to improve the transportation of persons with disabilities and of other special categories of passengers;

(e) a list of planned provincial initiatives or initiatives undertaken with regard to–

(i) modal integration strategies;

(ii) the rationalisation of subsidised public transport;

(iii) plans/initiatives to address the progress of the regulatory entities within the province;

(iv) the establishment of integrated public transport networks;

(v) engagement with municipalities, where appropriate, regarding the assignment of the operating licencing function to them;

(vi) the status of dispensing and dealing with operating licences in the province;

(vii) passenger rail services in the province;

(viii) public transport security;

(xi) corridor development strategies;

(x) the status of financial and economic support to public transport where the management of contracts concluded under the National Land Transport Transition Act, 2000(Act No. 22 of 2000) has not yet been assigned to municipalities;

(ix) the use of adapted light delivery vehicles in public transport in the province; and

(iix) a rural transport strategy;

(f) details of agreements with other provinces regarding interprovincial transport, if any; and

(g) a summary of public transport strategies of provincial significance taken from the municipal integrated transport plans, focusing mainly on strategies, actions and projects.

Chapter 7: Non-motorised and environmentally sustainable transport

This chapter must include at least the following:

(a) An indication of how non-motorised transport is provided for in the general road plan of the province, by pointing out–

(i) the integration of non-motorised transport planning with land transport and land use planning;

(ii) the improvement and expansion of pedestrian sidewalks and dedicated public space to interlink public transport stations, ranks and other facilities in city areas along provincial roads;

(iii) the provision of dedicated non-motorised transport facilities and infrastructure along provincial roads (e.g. infrastructure for wheelchairs, pedestrian walkways, foot bridges, overhead bridges and interchanges); and

(iv) the promotion of the Shova Kalula bicycle programme, walking and animal-drawn transportation strategies;

(b) a detailed strategy to promote and encourage the use of non-motorised transport in rural or in urban areas if so requested by the relevant planning authority, which strategy must include–

(i) a non-motorised transport policy;

(ii) a scholar transport policy;

(iii) a cycling masterplan;

(iv) a walking masterplan; and

(v) an animal-drawn transportation plan if such transportation has significance in the province; and

(c) an indication of measures to minimise the negative impact of transport on the environment, including, but not limited to, measures to limit fuel usage and decrease carbon footprints in line with national and international commitments to decreasing greenhouse gas emissions.

Chapter 8: Transport infrastructure strategy

This chapter must include at least the following:

(a) A list of major planned provincial infrastructure and facility development initiatives, as well as transport priorities and projects regarding infrastructure, including roads, railway lines and major intermodal facilities; and

(b) a summary of strategies of planning authorities and major initiatives of provincial significance regarding infrastructure, highlighting those taken from integrated transport plans, where applicable.

Chapter 9: Transportation management strategy, including dangerous goods

This chapter must deal with transport management aspects, and must include the following:–

(a) A freight transport strategy;

(b) routes for the movement of dangerous goods and safety measures relating to such goods;

(c) intelligent transport system measures as applied on roads of provincial significance;

(d) measures for dealing with accidents and emergencies (incident management); and

(e) a travel demand management strategy relevant to the provincial transport system.

Chapter 10: Tourist transport

This chapter must contain a comprehensive strategy dealing with the transportation needs of tourists, as well as policies and standards for tourist transport services in the province.

Chapter 11: Funding strategy and implementation programme

All actions identified in the different transport strategies must be subject to a process of prioritisation and allocation of funds. This chapter must include at least –

(a) a summary of prioritised provincial transport planning and implementation projects and the budget for each;

(b) a summary, description and programme of municipal transport projects taken from the integrated transport plans of municipalities in the province, listing only projects that are funded by the province or that are of provincial significance and the budget for each;

(c) a summary in tabular form as indicated in Schedule 1 of the projects referred to in paragraphs (a) and (b), indicating target dates, milestones and development periods;

(d) a summary of financial programmes in tabular form as indicated in Schedule 2;

(e) a financial programme showing expected sources of revenue and estimates of expenditure arising from the preparation, implementation and operation of the different transport strategies in the five-year period in which the plan is to be implemented. Budgets must be aligned with general government budget cycles such as Medium-Term Expenditure Framework cycles, and include funding sources and expenditure relating to–

(i) the preparation of the Provincial Land Transport Framework and integrated transport plans in the province;

(ii) subsidies for road-based public transport falling within the responsibility of the province, and a summary of subsidies shown in integrated transport plans;

(iii) monitoring of public transport contracts;

(iv) provincial roads and other infrastructure;

(v) assistance to special categories of passengers;

(vi) provision and maintenance of infrastructure and facilities; and

(vii) institutional arrangements.

Chapter 12: Monitoring

This chapter must include at least the following:

(a) A list of key performance indicators for in line with national key performance indicators set out in the National Land Transport Strategic Framework;

(b) a report on how and to what extent the key performance indicators set for the province in the National Land Transport Strategic Framework have been met; and

(c) a report on how and to what extent the key performance indicators set in the previous year's Provincial Land Transport Frameworks have been met.

Chapter 13: Coordination structures and measures, liaison and conflict resolution

This chapter must contain at least the following:

(a) Measures, where appropriate, to ensure proper coordination regarding land transport between adjacent municipalities;

(b) measures to assist municipalities that lack capacity to carry out their planning responsibilities;

(c) measures to ensure implementation of the provincial integrated development strategy, with due attention to rural areas, and with the focus on less capacitated municipalities or those that do not fulfil their responsibilities in respect of transport delivery, either by direct implementation or assistance under paragraph (b) above;

(d) details of existing or contemplated liaison mechanisms and structures between authorities themselves and between authorities and the private sector with special reference to the establishment by planning authorities of intermodal planning committees as contemplated in section 15, and land transport advisory boards as contemplated in section 16, of the Act;

(e) liaison structures between the three spheres of government, including the Public Transport Integration Committee established in terms of the Division of Revenue Acts, 2009 and 2010 (Act No. 12 of 2009 and Act No. 1 of 2010), and a description of the activities of those structures and shortcomings or challenges; and

(f) a summary of regulations made by the MEC in terms of section 10 of the Act.

Repeal of regulations

6. Regulations published in terms of National Land Transport Transition Act, 2000 (Act No. 22 of 2000), in *Government Gazette* No. 23685 of 24 July 2002 are repealed.

Short title and commencement

7. These regulations are called Regulations relating to minimum requirements for the preparation of Provincial Land Transport Frameworks, 2011, and come into operation on the date of their publication in the *Government Gazette*.

Schedule 1

Project	Location/area	Budget	Target date	Main milestones	Development periods

Schedule 2

Key strategy	**Programme/ project**	**Budget estimates**	**Source**	**Gaps/ shortfalls**	**Period**	**Location**	**Responsibility**
e.g. **Non Motorised Transport**	**PEDESTRIAN BROADWALK**	**15Million**	**SANRAL**	**3Million**	**02/03/11**	**Cacadu: DM**	**Province DM**

No. R. 825 **3 Oktober 2011**

"NATIONAL LAND TRANSPORT ACT, 2009" (Wet No. 5 van 2009) REGULASIES, 2011

REGULASIES BETREFFENDE MINIMUM VEREISTES VIR DIE OPSTEL VAN PROVINSIALE RAAMWERKE VIR VERVOER OOR LAND, 2011

In terme van die artikel 8(1) (a) gelees met artikel 35 (1), van die " National Land Transport Act, 2009" (Wet 5 van 2009), Ek, S`Busiso Joel Ndebele, Minister van Vervoer, in oorleg met alle LUR`s het regulasies in die Bylae uitgevaar.

S.J. Ndebele

Minister van Vervoer

23/09/11

BYLAE

REGULASIES BETREFFENDE MINIMUM VEREISTES VIR DIE OPSTEL VAN PROVINSIALE RAAMWERKE VIR VERVOER OOR LAND, 2011

Rangskikking van regulasies

1. Woordomskrywing

2. Oogmerk van regulasies

3. Beginsels vir die opstel van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land

4. Proses vir afhandeling en goedkeuring deur LUR

5. Minimum inhoud van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land

6. Herroeping van regulasies

7. Kort titel en inwerkingtreding

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking wat in die Wet omskryf word dieselfde betekenis as in die Wet, en beteken—

"die Wet" die "National Land Transport Act, 2009" (Wet No. 5 van 2009); en

"niegemotoriseerde vervoer" alle vorme van vervoer wat nie van 'n enjin of 'n motor afhanklik is vir mobiliteit nie.

Oogmerk van regulasies

2. (1) Die oogmerk van hierdie regulasies is om voorsiening te maak vir 'n proses vir die opstel van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land en die minimum inhoud daarvan.

(2) Alle provinsiale raamwerke vir vervoer oor land wat deur LUR'e opgestel is ter nakoming van artikel 35 van die Wet moet aan die vereistes voldoen wat in hierdie regulasies uiteengesit is.

(3) Die oogmerk van 'n provinsiale raamwerk vir vervoer oor land is om-

(a) breë strategiese leiding te gee oor die ontwikkeling van vervoer in die provinsie;

(b) vanuit 'n provinsiale perspektief 'n oorsig te gee van die status quo van vervoer in die provinsie;

(c) grondgebruikontwikkelingstendense en die wenslike ruimtelike ontwikkeling van die provinsie aan te dui, en aan te dui watter vervoermaatreëls en -prosesse in plek gestel moet word om die beoogde ruimtelike ontwikkeling te steun;

(d) 'n oorsig te gee van ontwikkelingsinisiatiewe wat in die provinsie van provinsiale belang is, insluitende begrotings en implementeringsprogramme;

(e) verslag te doen oor die monitering van vervoer in die provinsie en geïdentifiseerde tendense;

(f) aan te dui en op te som watter stappe in die provinsie gedoen is om die vervoerbeplannings- en vervoerbestuursinisiatiewe van munisipaliteite en ander staatsorgane in die provinsie wat vir vervoeraangeleenthede verantwoordelik is, te koördineer en te integreer; en

(g) aan te dui hoe die LUR uitvoering gegee het aan die werksaamhede en verantwoordelikhede wat ingevolge die Wet aan die provinsie opgedra is.

Beginsels vir die opstel van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land

3. (1) By die opstel van die provinsiale raamwerke vir vervoer oor land moet die LUR'e behoorlik ag slaan op en enige beginsels vir vervoerbeplanning toepas wat kragtens artikel 8(1)*(q)* van die Wet uitgevaardig is.

(2) Bykomend tot daardie beginsels moet die volgende toegepas word:

(a) By die opstel van die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land word die LUR gerig deur die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Vervoer oor Land;

(b) planne moet behoorlik aandag skenk aan die ontwikkeling van landelike gebiede;

(c) niegemotoriseerde vorme van vervoer moet in ag geneem word;

(d) vervoer vir spesiale kategorieë passasiers moet besondere aandag kry;

(e) die geïntegreerde vervoerbeplanningsproses is aaneenlopend, d.i. planne moet voortdurend bygewerk word;

(f) die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land moet met ander beplanningsinisiatiewe gesinchroniseer word, en die integrering daarvan met die provinsiale vervoer- en grondgebruikbeplanningsprosesse moet aangedui word;

(g) ter voldoening aan paragraaf (f), word spesifieke vermelding vereis van die geïntegreerde ontwikkelingsbeplannings- en grondontwikkelingsdoelwitprosesse in soverre dit 'n uitwerking het op vervoer, die munisipale begrotingsproses en die ruimtelike beplanningsprosesse;

(h) in die geval van enige van die 12 stede wat in die openbare vervoerstrategie en aksieplan, 2007, geïdentifiseer is, word spesifieke vermelding vereis van hulle geïntegreerde openbare snelvervoernetwerke en snelbusdiensstelsels, indien enige; en

(i) spesifieke vermelding word vereis van die geïntegreerde openbare vervoernetwerk wat vir landelike gebiede ontwikkel is.

Proses vir afhandeling en goedkeuring deur LUR

4. (1) Die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land word vir 'n vyfjaartydperk opgestel soos ingevolge artikel 35(1) van die Wet vereis word.

(2) Die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land word tweejaarliks bygewerk ooreenkomstig artikel 35(9) van die Wet.

(3) By die ontwikkeling van die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land moet die LUR oorleg pleeg met die beplanningsowerhede in die provinsie, die spoorweg-, bus-, taxi- en ander bedrywe wat openbare vervoer in die provinsie voorsien, die provinsiale regulatoriese entiteit en ander belanghebbers.

(4) Die hoof van die provinsiale departement moet met die Departement skakel om te verseker dat die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land opgestel word, deur die LUR goedgekeur en by die Minister ingedien word vóór die datum wat die Minister ingevolge artikel 35(4) van die Wet bepaal.

(5) Die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land moet by indiening by die Minister vergesel gaan van afskrifte van enige ooreenkomste betreffende

interprovinsiale vervoer wat tussen die provinsie en ander provinsies aangegaan is.

(6) Soos beoog in artikel 35(11) van die Wet, indien die Minister van mening is dat–

(a) die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land strydig is met die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Vervoer oor Land, nasionale beleid betreffende interprovinsiale en oorgrensvervoer of toepaslike wetgewing;

(b) die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land strydig is met die prosedures en finansiële kwessies wat die nasionale regering raak;

(c) die LUR nie die regte prosedures gevolg of die voorgeskrewe vereistes nagekom het nie; of

(d) die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land 'n negatiewe uitwerking op die vervoermodusse onder die beheer van die nasionale regering of nasionale openbare entiteite sal hê,

kan die Minister die LUR versoek om die plan te wysig of aan te vul, na gelang van die geval, en die LUR moet binne die tyd deur die Minister vasgestel aan sodanige versoek voldoen.

Minimum inhoud van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land

5. (1) Hoewel die formaat kan verskil, moet die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land minstens die minimum inligting hieronder uiteengesit, bevat:

Uitvoerende opsomming

(2) Die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land moet 'n bondige uitvoerende opsomming bevat wat minstens die volgende insluit:

(a) 'n Kort agtergrond en die oogmerk van die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land;

(b) die hoofdoeleindes en doelwitte van die provinsie ten opsigte van vervoerontwikkeling en hoe dit met ander beplannings- en beleidsinisiatiewe in die provinsie verband hou, asook die nasionale vereistes;

(c) 'n kort opsomming van die status quo van vervoer in die provinsie;

(d) vervoer- en ruimtelike tendense en probleme in die provinsie;

(e) voorgestelde ingrypings en projekte, met implementeringsprogramme en begrotingsimplikasies, wat sleutelfokus- of voorkeurgebiede vir ingrypings of aanwending van fondse aandui; en

(f) 'n aanduiding van hoe vervoer in die provinsie gemoniteer word.

Hoofstuk 1: Proses en oorlegpleging

(a) Hierdie hoofstuk beskryf in breë trekke die proses wat gevolg word vir die opstel van die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land, ook die proses van oorlegpleging, met vermelding van openbare vergaderings gehou en dokumente en konsepte wat om kommentaar gepubliseer is.

(b) Dit dui ook die status van die dokument aan, d.i. die datums waarop dit deur die LUR en die Minister goedgekeur is of, na gelang van die geval, wanneer dit vir sodanige goedkeuring voorgelê sal word.

Hoofstuk 2: Vervoervisie, -beleid en -doelwitte

(a) Hierdie hoofstuk begin met 'n vertolking van die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Vervoer oor Land soos dit op die provinsie betrekking het, met vermelding van die besondere behoeftes en uitdagings.

(b) Dit handel met provinsiale beleid oor vervoer oor land wat ingevolge artikel 9(1) van die Wet gepubliseer is en heg daardie beleid aan as 'n aanhangsel of verskaf besonderhede oor waar dit verkry kan word. Indien sodanige beleid gepubliseer is, byvoorbeeld in die vorm van 'n wit- of groenskrif, word die beleid aangeheg of word besonderhede verskaf oor waar dit verkry kan word.

(c) Indien daar nie 'n gepubliseerde beleid, witskrif of groenskrif is nie, moet hierdie hoofstuk beleidsleiding gee oor minstens die bevordering, bestuur, regulering en beheer van openbare vervoer in die provinsie.

(d) Dit moet nadruk lê op huidige en potensiële konflikgebiede tussen die nasionale en die provinsiale beleide oor vervoer oor land.

(e) Dit moet spesifieke doelwitte betreffende die algemene visie en sleutelprioriteite van die provinsie formuleer, wat aanvaarbaar, meetbaar, verstaanbaar en bereikbaar is.

Hoofstuk 3: Status quo van vervoer in die provinsie

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende bevat:-

(a) Tabelle en kaarte wat die volgende aandui:-

(i) Die demografiese eienskappe van die ekonomiese en bedryfsektore, met demografiese statistiek per metropolitaanse en distriksmunisipaliteit;

(ii) nasionale en provinsiale padnetwerke wat die kategorie en status van sodanige netwerke aandui;

(iii) die strategiese openbarevervoernetwerke, ook spoorwegnetwerke;

(iv) vervoernodusse van provinsiale belang;

(v) vragvervoerroetes, ook die roetes vir die vervoer van gevaarlike goedere beoog in artikel 35(5) van die Wet; en

(vi) die ruimtelike, ekonomiese en behuisingsontwikkeling in die provinsie, met inbegrip van ontwikkelingsinisiatiewe, meesterplanne en ontwikkelingsprogramme;

(b) 'n beskrywing van openbarevervoerbedrywighede in die provinsie, ook minibustaxi-, metertaxi-, bus- en spoorvervoerbedrywighede;

(c) 'n beskrywing van intraprovinsiale en interprovinsiale langafstanddienste en interprovinsiale passasiersdienste – 'n beskrywing van huur- en personeeldienste kan ingesluit word;

(d) die status in die provinsie van geïntegreerde openbare snelvervoernetwerke en snelbusvervoerstelsels, indien enige, en van die geïntegreerde openbarevervoernetwerke wat deur die Wet vereis word;

(e) 'n lys van waargenome probleme en kwessies wat tersaaklik is vir vervoer oor land in die provinsie; en

(f) 'n beskrywing van die inligtingstelsels wat deur die provinsie gehou word soos wat ingevolge artikel 6 van die Wet vereis word, hoe hierdie inligting gebruik is om die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land saam te stel en die dataversamelingsprosesse wat gevolg is.

Hoofstuk 4: Geïntegreerde vervoerplanne

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende bevat:

(a) 'n Lys van beplanningsowerhede in die provinsie, met hulle klassifikasie en die tipe planne wat deur hulle opgestel moet word;

(b) 'n program vir die opstel van die geïntegreerde vervoerplanne en die koördinering daarvan met die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land;

(c) 'n vermelding van die opsomming van alle beskikbare geïntegreerde vervoerplanne in die provinsie wat ingevolge artikel 35(7) van die Wet vereis word, wat in 'n aanhangsel vervat moet word. Die opsomming moet kort wees en op aspekte en projekte van streeks- of provinsiale belang toegespits word.

Hoofstuk 5: Geïntegreerde ontwikkelingsraamwerk

Tensy Hoofstuk 3 reeds daarvoor voorsiening maak, moet hierdie hoofstuk minstens die volgende insluit:

(a) Die goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingstrategie of -plan vir die provinsie, insluitende-

(i) 'n geïntegreerde kaart wat die raamwerke vir toekomstige ontwikkeling toelig, met 'n kort beskrywing van–

(aa) ruimtelike ontwikkeling;

(bb) ekonomiese ontwikkeling;

(cc) behuisingsontwikkeling; en

(dd) ander ontwikkelingsinisiatiewe;

(ii) die kaart genoem in (i) wat ook aandui waar die groeigebiede van die provinsie is en waar spesifieke ontwikkelingsinisiatiewe plaasvind wat verbeterde vervoer vereis;

(iii) inligting oor elke ruimtelike ontwikkelingsinisiatief in die provinsie, met sy status en stedelike vernuwings- en landelike ontwikkelingsnodusse, waar toepaslik; en

(iv) 'n volledige beskrywing van tersaaklike maatskaplike, demografiese en omgewingskwessies wat vervoer raak;

(b) 'n verklaring oor hoe die vervoerstrategie die bereiking van die goedgekeurde ruimtelikeontwikkelingsplan en ekonomiese ontwikkeling in die provinsie, die integrering van die strategieë vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en die ontwikkeling van menslike nedersettings, asook ander tersaaklike ontwikkelingsinisiatiewe of -strategieë, sal bevorder;

(c) 'n aanduiding van die strategiese vervoernetwerk van paaie en spoorweë en provinsiale openbarevervoernetwerke in verhouding tot grondgebruikontwikkeling en die beboude omgewing; en

(d) 'n opsomming van strategieë wat die integrering van grondgebruik en vervoer in ooreenstemming met nasionale beleide bevorder.

Hoofstuk 6: Strategie vir openbare vervoer

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:

(a) 'n Identifisering van tekortkominge in die openbare vervoerstelsel en die voorgestelde of huidige provinsiale maatreëls om dit aan te pak;

(b) 'n beskrywing van strategiese en voorkeurfokusgebiede vir openbare vervoer wat van provinsiale belang is;

(c) 'n opsomming van inisiatiewe wat deur die provinsie beplan of geneem is om openbare vervoer bo privaat vervoer te bevorder;

(d) 'n lys van beplande inisiatiewe of inisiatiewe wat deur die provinsie onderneem is om die vervoer van persone met gestremdhede of van ander spesiale kategorieë passasiers te verbeter;

(e) 'n lys van beplande provinsiale inisiatiewe of inisiatiewe wat onderneem is met betrekking tot–

(i) strategieë vir modale integrasie;

(ii) die rasionalisering van gesubsidieerde openbare vervoer;

(iii) planne/inisiatiewe om die vordering van die regulatoriese entiteite binne die provinsie aan te roer;

(iv) die vestiging van geïntegreerde vervoernetwerke;

(v) 'n ooreenkoms met munisipaliteite, waar toepaslik, betreffende die opdra van die bedryfslisensiëringsfunksie aan hulle;

(vi) die stand van die uitreiking en hantering van bedryfslisensies in die provinsie;

(vii) passasierspoordienste in die provinsie;

(viii) veiligheid van openbare vervoer;

(xi) korridorontwikkelingstrategieë;

(x) die status van finansiële en ekonomiese steun aan openbare vervoer waar die bestuur van kontrakte, wat kragtens die"National Land Transport Transition Act", 2000 (Wet No. 22 van 2000), aangegaan is, nie reeds aan munisipaliteite opgedra is nie;

(ix) die gebruik van aangepaste ligte-afleweringsvoertuie in openbare vervoer in die provinsie; en

(iix) 'n strategie vir landelike vervoer;

(f) besonderhede van ooreenkomste met ander provinsies betreffende interprovinsiale vervoer, indien enige; en

(g) 'n opsomming van openbarevervoerstrategieë van provinsiale belang wat ontleen is aan die geïntegreerde munisipale vervoerplanne, met toespitsing op hoofsaaklik strategieë, prosesse en projekte.

Hoofstuk 7: Niegemotoriseerde en omgewingsvolhoubare vervoer

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:

(a) 'n Aanduiding van hoe daar in die algemene padplan van die provinsie vir niegemotoriseerde vervoer voorsiening gemaak is deur die volgende aan te toon:–

(i) Die integrering van die beplanning vir niegemotoriseerde vervoer met die beplanning vir vervoer oor land en grondgebruik;

(ii) die verbetering en uitbreiding van voetgangersypaadjies en toegewyde openbare ruimte ten einde stasies, staanplekke en ander fasiliteite vir openbare vervoer in stadsgebiede langs provinsiale paaie onderling te verbind;

(iii) die voorsiening van toegewyde fasiliteite en infrastruktuur langs provinsiale paaie vir niegemotoriseerde vervoer (bv. infrastruktuur

vir rolstoele, voetgangersypaadjies, voetbrûe, oorbrûe en verkeerswisselaars); en

(iv) die bevordering vàn die Shova Kalula-fietsryprogram, stap en trekdiervervoerstrategieë;

(b) 'n breedvoerige strategie om die gebruik van niegemotoriseerde vervoer in landelike gebiede, of stedelike gebiede indien die tersaaklike beplanningsowerheid dit sou versoek, te bevorder en aan te moedig, welke strategie die volgende moet insluit:–

(i) 'n beleid oor niegemotoriseerde vervoer;

(ii) 'n skoolvervoerbeleid;

(iii) 'n fietsrymeesterplan;

(iv) 'n stapmeesterplan; en

(v) 'n trekdiervervoerplan indien sodanige vervoer vir die provinsie van belang is; en

(c) 'n aanduiding van maatreëls om die negatiewe impak van vervoer op die omgewing te minimeer, insluitend maar nie beperk nie tot maatreëls om brandstofverbruik te beperk en koolstofvoetspore te verminder ooreenkomstig nasionale en internasionale verbintenisse tot die verlaging van kweekhuisgasvrystellings.

Hoofstuk 8: Strategie vir vervoerinfrastruktuur

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:

(a) 'n Lys van belangrike beplande inisiatiewe vir provinsiale infrastruktuur- en fasiliteitontwikkeling, asook vervoervoorkeure en projekte betreffende infrastruktuur, insluitende paaie, spoorweglyne en belangrike intermodusfasiliteite; en

(b) 'n opsomming van strategieë van beplanningsowerhede en belangrike inisiatiewe van provinsiale belang betreffende infrastruktuur, met

nadruk op dié wat ontleen is aan geïntegreerde vervoerplanne, waar toepaslik.

Hoofstuk 9: Vervoerbestuurstrategie, insluitende gevaarlike goedere

Hierdie hoofstuk handel met vervoerbestuursaspekte en moet die volgende insluit:-

(a) 'n Vragvervoerstrategie;

(b) roetes vir die vervoer van gevaarlike goedere en veiligheidsmaatreëls wat op sodanige goedere betrekking het;

(c) intelligente vervoerstelselmaatreëls soos toegepas op paaie wat vir die provinsie van belang is;

(d) maatreëls om met ongelukke en noodgevalle te handel (voorvalbestuur); en

(e) 'n reisaanvraagbestuurstrategie wat vir die provinsiale vervoerstelsel tersaaklik is.

Hoofstuk 10: Toeristevervoer

Hierdie hoofstuk moet 'n omvattende strategie bevat wat handel met die vervoerbehoeftes van toeriste, asook beleide en standaarde vir toeristevervoerdienste in die provinsie.

Hoofstuk 11: Strategie en implementeringsprogram vir befondsing

Alle stappe wat geïdentifiseer is in die verskillende vervoerstrategieë is onderworpe aan 'n proses van prioriteitsbepaling en die toewysing van fondse. Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:-

(a) 'n Opsomming van provinsiale vervoerbeplannings- en vervoerimplementeringsprojekte wat voorkeur moet geniet, en die begroting vir elk;

(b) 'n opsomming, beskrywing en program van munisipale vervoerprojekte wat ontleen is aan die geïntegreerde vervoerplanne van munisipaliteite

in die provinsie, wat slegs projekte vermeld wat deur die provinsie gefinansier word of wat vir die provinsie van belang is, en die begroting vir elk;

(c) 'n opsomming in tabelvorm, soos in Bylae 1 aangedui word, van die projekte genoem in paragrawe (a) en (b), wat die beoogde datums, mylpale en ontwikkelingstydperke aandui;

(d) 'n opsomming van finansiële programme in tabelvorm soos in Bylae 2 aangedui word;

(e) 'n finansiële program wat die verwagte bronne van inkomste en die bestedingsberamings aandui, wat spruit uit die opstel, implementering en dryf van die verskillende vervoerstrategieë in die vyfjaartydperk waarin die plan geïmplementeer moet word. Begrotings moet in ooreenstemming gebring word met algemene regeringsbegrotingsiklusse soos die mediumtermyn-bestedingsraamwerksiklusse, en moet befondsingsbronne en besteding insluit wat verband hou met–

(i) die opstel van die provinsiale raamwerk vir vervoer oor land en die geïntegreerde vervoerplanne in die provinsie;

(ii) subsidies vir padgebaseerde openbare vervoer wat die verantwoordelikheid is van die provinsie, en 'n opsomming van subsidies wat in die geïntegreerde vervoerplanne aangetoon word;

(iii) die monitering van openbarevervoerkontrakte;

(iv) provinsiale paaie en ander infrastruktuur;

(v) bystand aan spesiale kategorieë passasiers;

(vi) die voorsiening en onderhoud van infrastruktuur en fasiliteite; en

(vii) institusionele reëlings.

Hoofstuk 12: Monitering

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:

(a) 'n Lys van sleutelprestasie-aanwysers vir die provinsie in ooreenstemming met die nasionale sleutelprestasie-aanwysers wat in die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Vervoer oor Land uiteengesit is;

(b) 'n verslag oor hoe en in watter mate voldoen is aan die sleutelprestasie-aanwysers wat vir die provinsie in die Nasionale Strategiese Raamwerk vir Vervoer oor Land daargestel is; en

(c) 'n verslag oor hoe en in watter mate voldoen is aan die sleutelprestasie-aanwysers wat in die vorige jaar se provinsiale raamwerk vir vervoer oor land daargestel is.

Hoofstuk 13: Koördineringstrukture en -maatreëls, skakeling en konflikoplossing

Hierdie hoofstuk moet minstens die volgende insluit:

(a) Die maatreëls, waar van toepassing, om behoorlike koördinering betreffende vervoer oor land tussen aangrensende munisipaliteite te verseker;

(b) die maatreëls om munisipaliteite by te staan wat 'n gebrek aan kapasiteit het om hulle beplanningsverantwoordelikhede uit te voer;

(c) die maatreëls om die uitvoering van die geïntegreerde provinsiale ontwikkelingstrategie te verseker, met behoorlike aandag aan landelike gebiede, en met toespitsing op munisipaliteite met verminderde kapasiteit of daardie wat nie hulle verantwoordelikhede ten opsigte van vervoerlewering nakom nie, hetsy deur regstreekse uitvoering of bystand kragtens paragraaf (b) hierbo;

(d) die besonderhede van bestaande of beoogde skakelingsmeganismes of -strukture tussen owerhede self en tussen owerhede en die privaat

sektor, met besondere vermelding van die vestiging deur beplanningsowerhede van intermodusbeplanningskomitees soos beoog in artikel 15, en die adviesrade vir vervoer oor land soos beoog in artikel 16, van die Wet;

(e) die strukture vir skakeling tussen die drie regeringsfere, insluitende die komitee vir integrering van openbare vervoer ingestel ingevolge die "Division of Revenue Acts" (jaarlikse wet op die verdeling van inkomste), 2009 en 2010 (Wet No. 12 van 2009 en Wet No. 1 van 2010), en 'n beskrywing van die werksaamhede van daardie strukture en tekortkominge of uitdagings; en

(f) 'n opsomming van regulasies deur die LUR uitgevaardig ingevolge artikel 10 van die Wet.

Herroeping van regulasies

6. Die regulasies wat ingevolge die "National Land Transport Transition Act, 2000" (Wet No. 22 van 2000), in *Staatskoerant* No. 23685 van 24 Julie 2002 gepubliseer is, word herroep.

Kort titel en inwerkingtreding

7. Hierdie regulasies heet die Regulasies betreffende minimum vereistes vir die opstel van provinsiale raamwerke vir vervoer oor land, 2011, en tree in werking op die datum van die publisering daarvan in die *Staatskoerant*.

Bylae 1

Projek	Ligging/gebied	Begroting	Beoogde datum	Hoofmylpale	Ontwikkelingstydperke

Bylae 2

Sleutelstrategie	Program/ projek	Begroting-beramings	Bron	Leemtes/ tekorte	Tydperk	Ligging	Verantwoordelikheid
bv. **niegemotoriseerde vervoer**	PROMENADE	15Miljoen	Sanral	3Miljoen	02/03/11	Cacadu: DM	Provinsie DM